# BOEKBESPREKING

Breytenbach, J. H.: **Notule van die Volksraad van die S. Afr. Republiek** (volledig met alle Bylae daarby). Staatsdrukker, Pretoria, sj. (1951?) 634 bll. Prys onvermeld. Deel III (1854-1858).

Dit is die derde deel van die Transvaalse Argiefstukke, afgeskryf, toegelig en persklaar gemaak deur dr. Breytenbach, hoof van die Publikasie-afdeling van die Staatsargief, Pretoria. Hierdie Argiefstukke word gepubliseer in opdrag van die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap en onder toesig van die Argief-kommissie, waarvan prof. H. B. Thom voorsitter is en prof. Kruger een van die lede.

Dit is 'n pragtige uitgawe. Uiterlik sien die boek daar stewig en smaakvoluit soos die meeste van die ingebonde uitgawes van die Staatsdrukkery. Die formaat van hierdie Transvaalse Argiefstukke is besonder groot (10½ x 7). Innerlik is die boek nog stewiger en wetenskaplik smaakvoller. Dr. Breytenbach het eer van die waardevolle wyse waarop hy die werk geredigeer het.

Die werk begin met 'n besonder uitgebreide Inhoudsopgawe—dit beslaan 28 bladsye! Daarop volg 'n uiters belangrike Voorwoord van 4 bladsye. Dan kom onder A. die Notule van die Volksraad van 31 Jan. 1954 tot Sept. 1858 (199 bll.). Onder B. verskyn die Bylae vir die opeenvolgende jare: eers die Inkomende Stukke, dan die Uitgaande Stukke, derdens die Diverse Stukke en ten slotte die verlore gegane stukke net aangedui. Die werk sluit af met 'n Aanhangsel, 'n Register van persoonsname, 'n geografiese register, 'n saakregister, en in die teks kom nog 'n viertal verlugtings voor.

Net twee opmerkings: die samesteller kan gerus sorg vir die jaartal van uitgawe en die drukker vir 'n prysopgawe in resensie-eksemplare.

Om sy inhoud en om sy inrigting is dit 'n uiters gewigtige publikasie; vir geskiedvorsers en geskiedenis-onderwysers en vir die ontwikkelde vaderlander 'n onmisbare bron!

J. CHR. COETZEE.

* * *

**Kaapse Plakkaatboek, Deel VI** (1803-1806). **Afgeskryf**, Persklaar gemaak en van 'n Register voorsien deur **S. D. Naudé, M.A.**, Cape Times Ltd., Parow, K.P. 1951. (Geen prys vermeld).

Die verskyning van deel VI van die **Kaapse Plakkaatboek** sal allerweë verwelkom word, nie alleen omdat die publikasie van die Kaapse Plakkate daardeur voltooi word nie, maar veral ook omdat dit weer 'n belangrike voorwaartse stap is in die beleid van die Argiefkommissie om soveel Argiefstukke as moontlik te publiseer. As sodanig word met hierdie werk dan ook 'n belangrike mylpaal bereik, aangesien dit die eerste volledige reeks Suid-Afrikaanse Argiefstukke is, wat, ooreenkomstig die beleid van die Argiefkommissie, die lig sien. Die serie dek die periode 1652—1806, en sal weens sy, oorsigtelikheid vir die navorser van groot waarde wees." (Voorwoord). Ons sou graag die saak

nog sterker wou stel deur te sê dat die serie, net soos alle ander publikasies van Argiefstukke, vir die navorser in alle opsigte van die allergrootste waarde sal wees.

Die redakteur van die werk, mnr. S. D. Naudé, M.A., is Assistent-Argivaris in die Publikasie-afdeling van die Argief. Dat hy vir sy taak uiters bekwaam is, ly geen twyfel nie. Dit blyk baie duidelik uit die kostelike en duidelike inhoudsopgawe, waardeur die navorser in staat gestel word om binne enkele oomblikke die hand op enige dokument te lê; dit blyk uit die uitgebreide register aan die einde van die werk, en veral uit die pragtige versorging van die teks.

Die inhoud van die werk (Kaapse Plakkate tydens die Bataafse bewind) hoef, wat belangrikheid betref, nie aangeprys te word ne; dit is vanselfsprekend. Uit geen ander dokumente kan 'n duideliker beeld van omstandighede en toestande, op alle terreine van die lewe en samelewing in 'n bepaalde tydperk, gekry word, as juis uit die amptelike wetgewing nie.

Die netjiese drukwerk is op baie goeie papier gedoen en die boek is in 'n duursame linneband gebind. In alle opsigte skep die werk 'n indruk van deeglikheid.

J. S. DU PLESSIS.
P.U. vir C.H.O.

* * *

**Dr. J. G. Woelderink: „De Uitverkiezing."** Uitg. van Keulen, Delft, 80 bll., geen prysopgawe nie.

In hierdie boekie is Dr. Woelderink besig met die leer van die uitverkiesing. Hier en daar sê hy dinge raak, maar dan gaan hy in teen die Dordtse Leerreëls. Hy meen dat Art. 16 van ons Belydenis geen **dubbele** predestinasie leer nie. God het sy kinders wel in Jesus Christus uitverkies weens sy barmhartigheid. Maar Hy is regverdig: „deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly waarin hulle hulself gewerp het." Volgens Dr. Woelderink gaan die verkiesing dus nie oor die wat verlore gaan nie. Hy meen dat Calvyn die uitverkiesing so uitvoerig vanuit Gods ewige raad behandel „dat ook de verwerping der goddelozen in de raad Gods haar beslag krijgt." Maar die Dordtse Leerreëls gaan ook verkeerd in hf. 1 par. 6 waar ons lees dat die verworpenes ook in die ewige besluit van God opgeneem is. Die verkiesing en verwerping het dus bronne geword, waaruit heil en verderf voortkom. Die fout van die Remonstrante, aldus Dr. W. is dat hulle die leer van die uitverkiesing van ewigheid voorop gesit het.

Dan hou hy hom besig met Barth. Hy noem die konsepsie van Barth 'n „geniale opzet," en stem saam met Barth: die liefde van God dra nie alleen alle besluite van God nie, maar ook alle deugde van God. Ons sê dat die liefde van God een van sy deugde is. Tog erken hy dat die beskouing van Barth op die duur moet lei tot 'n geringagting van die sonde.

Hoewel die skrywer hom nie in alles vereenselwig met Barth se predestinasieleer nie, het Barth tog wel deeglik op sy beskouing ingewerk. Want hy sê dat ons die besluit van die verkiesing nie bloot tot Gods vrymag kan herlei nie . Sowel die vrymag as die verkiesing is dan aanduidings van de weg, wat die liefde van God gaan. Die groot fout van Dr. W. is dat hy geen uitweg weet met die sonde, wat hy nie in die besluit van God wil opneem nie. Dit lei eindelik soos by Barth tot pure willekeur. Ons kan hierdie werkie van Dr. W. nie by ons lesers aanbeveel nie.

P. J. S. de K.

**S. R. Welch, "Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa," 1581-1640."** Juta, Kaapstad, 1950.

Hierdie werk is 'n vooortsetting van dr. Welch se vorige beskrywings van die Portugese bedrywighede in verband met Afrika. Tot dusver het in die reeks reeds die volgende verskyn:

Europe's discovery of South Africa. (1935).

South Africa under King Manuel, 1495-1521. (1946).

South Africa under John III, 1521-1557. (1949).

South Africa under King Sebastian and the Cardinal, 1557-1580 (1949).

Met die publikasie van die werk onder bespreking word die geskiedenis tans tot 1640 behandel en dit behels die periode toe Portugal onder die Spaanse kroon bestuur is nadat Filips II van Spanje in 1580 sy swak buurstaat ingepalm het. Hoewel ook in hierdie werk bekende en onbekende feite in een verband gebring is en ons kennis aangaande Portugese koloniale geskiedenis daardeur verryk word, kan andermaal dieselfde besware as teen sy voorgangers geopper word. Die vernaamste is dat "Suid-Afrika" nooit werklik onder Portugese beheer gebring en dat die titel van die werk daarom nie 'n weerspieëling van die inhoud is nie. Tweedens is daar 'n duidelike tendens bespeurbaar ten gunste van die Rooms-Katolieke maritieme volke, nl. Spanje en Portugal. Selfs die uitsending van die Spaanse Armada teen Engeland in 1588 word goedgepraat. Vir die soveelste keer is dit duidelik hoe gevaarlik 'n vooringenome standpunt vir die korrektheid van historiese interpretasie kan wees. Ten slotte wonder mens welke opskrif dr. Welch gaan gee aan sy latere werke wat die tydperk na die koms van die Hollanders sal behandel.

D.W.K.

———:o:———